

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 1: *B'reisheet* (בראשית) – In die begin

In die oorsprong het God die hemele en die aarde geskep (Gen. 1:1 – PWL Vertaling)¹

Torah : Gen. 1:1 tot 6:8

- ❖ **Die Bestudering van die Torah**
- ❖ **Bondige Oorsig van die Boeke van die Torah**
- ❖ **Genesis: Die boek van die begin**
- ❖ **Gen. 1:1** – In die begin.
- ❖ **Gen. 1:2 tot 5** – Laat daar lig wees.
- ❖ **Gen. 1:26** – Volgens die beeld en gelykenis van YHVH
- ❖ **Gen. 2:18** – Dit is nie goed nie!

Haftorah: Jes. 42:5 tot 43:10 – YHVH ons Skepper en Verlosser

B'rit Chadashah: Matt. 1:1 tot 17; Matt. 19:3 tot 9; Mark. 10:1 tot 12; Joh. 1:1 tot 18; Open. 21:1 tot 5; Open. 22:1 tot 5.

Life is much like a book. The fool leaves through it casually; but the wise man reads it with thoughtful care, knowing that he can read it only once – Jean Paul.

Do you love life? Then do not squander time, for that is the stuff life is made of – Benjamin Franklin.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Midrash (Torah Bespreking)

Die Bestudering van die Torah

We begin anew this Shabbat and start reading the Book of Genesis. Rabbinic sages ask, if the Bible is essentially a book of law, why does it begin with all of the stories of Genesis? The answer will blow you away. Medieval Torah commentators explained hundreds of years ago, that one day foreign nations will accuse the Jewish People of stealing the Land of Israel. We will then point to the Bible and claim that the Bible begins with Creation to emphasize that God created the world, the earth belongs to Him and He can divide it up and give land to whomever He wishes and He gave the Land of Israel to Abraham and his descendants! (Judaism 101)

Alvorens ons met ons nuwe siklus van *Parashah HaShuvuah* (Weeklikse Torah bespreking) begin, moet ons helderheid oor sekere basiese begrippe kry.

Eerstens, en uiters belangrik! Die Hebreuse woord *Torah* word jammerlik vertaal as die *wet* of as *die wet van God*. Torah beteken egter *onderrig en instruksies*. Die wet van God, soos in Skriftuurlike verband gebruik word, is dus die Torah en is al die onderrig en instruksies van YHVH soos in die eerste vyf boeke van die Skrifte (die Bybel) opgeteken is.

Torah kan dus vergelyk word met die liefdevolle onderrig van ‘n vader van sy kinders. YHVH se Torah is dus Sy liefdevolle onderrig aan die wat Hy as Sy kinders aangeneem het. Dit is YHVH se ‘huisreëls’ wat nougeset gevolg moet word om al die seëninge van Vader-God se huishouding deelagtig te wees. YHVH is die Vader van die huishouding en Yeshua Messias is die Eersgeborene en ons is YHVH se wedergebore kinders. Torah is YHVH se onderrig in geregtigheid.

Vir diegene wat nie die kinders van YHVH is nie, met ander woorde nie in Yeshua as Messias glo nie, sal Torah YHVH se oordeel wees. Daarom het Yeshua gesê:

Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. Joh. 12:48.

Die tien gebooe kan beskou word as ‘n *opsomming* van die Torah – die tien beginsels waarop Torah gebou is en wat in die eerste vyf boeke van die Skrifte breedvoerig bespreek word. ‘n Wyer definisie van Torah is egter al YHVH se onderrig, instruksies en wysheid soos wat in die Skrifte vanaf Genesis tot Openbaring opgeteken is.

Waar die woord wet (*wette, law*) in die Skrifte gebruik word, sal die konteks van die bepaalde Skrifgedeelte bepaal of dit as wet, in die sin van ‘n mensgemaakte wet, of as Torah, in die sin van ‘n wet (onderrig, instruksie en wysheid) van YHVH verklaar moet word. Vergelyk Gen. 47:26 (mensgemaakte wet) en Ex. 13:9 (Torah).

Die volgende voorbeeld van Ps. 1:1 en 2 kan gebruik word as illustrasie van hoe ‘n Skrif *nuwe* betekenis kry wanneer die betekenis, asook die verskil tussen wet en Torah, verstaan word:

*Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet (**die Torah**) van YHVH, en hy oordink sy wet (**die Torah**) dag en nag.*

Josua 1:8 is bevestiging van Ps. 1:1 en 2. Hiervolgens is dit duidelik dat die mens wat ‘n behae het in die onderrig en instruksies van YHVH en dit doen (onderhou), welgeluksalig sal wees. Dit is ‘n behae in die totaliteit van YHVH se Torah!!

Ingesluit in die betekenis van Torah is ook die gedagte om rigting aan te dui. Ps. 119:105 verklaar daarom dat YHVH se Woord (Sy Torah – onderrig en instruksies) ‘n lamp vir ons voet en ‘n lig op ons pad is.

Tweedens is die Torah die fondament waarop alle openbaringe van YHVH gebou word. Daarom is die oorhoofse doel van die bestudering van Torah om die profetiese boodskap wat daarin vervat is te verstaan en prakties in ons geloofslewe toe te pas.

The study of Torah is the study of God. When God revealed Himself to us, He did not give us a systematic theology, creeds, recipes or diagrams. He gave us laws. Yet they are more than just laws intended to tidy up human society. They are actual pieces of godliness. Each commandment is a small revelation of God. More than just a rule for governing human behavior, the laws of Torah are a reflection of the Lawgiver. (Ki Tetze; FFOZ, 2011).

Die oorhoofse doel van Torah is om Yeshua Messias en die Koninkryk van God te openbaar!! Torah gee ons 'n insae in die lewe en die werke van Yeshua, asook hoe die Koninkryk van God moet funksioneer. Johannes 1:1 en 2 verklaar dat Yeshua die Torah (die Woord) van YHVH is wat van die begin af deel van YHVH was en steeds is. Alle dinge het deur Yeshua, die lewende en vleesgeworde Torah van God ontstaan (Joh. 1:3; Heb. 1:2) en alle dinge word ook gedra (instand gehou) deur die woord van Sy krag (Heb. 1:3). Hierdie Torah is soos YHVH self onveranderbaar – dit is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde.

Messias Yeshua is die Koning van YHVH se Koninkryk. Dit is 'n Hemelse Koninkryk wat op aarde gevestig moet word. Daarom bid ons: *Laat u Koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde* (Luk. 11:2), en Dawid sê:

Hulle maak melding van die heerlikheid van u koninkryk en spreek van u mag, om aan die mensekinders sy magtige dade bekend te maak en die glansryke heerlikheid van sy koninkryk. U koninkryk is 'n koninkryk van alle eeue, en u heerskappy duur deur al die geslagte. Ps. 145:11 tot 13

Hierdie koninkryk vind ons ook in die woorde van Torah wat die beginsels waarvolgens dit moet funksioneer uitspel.

Derdens is diegene wat deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias met YHVH versoen is, bestem om gelykvormig te word aan die beeld van Yeshua (Rom. 8:29). *Gelykvormig* (Grieks: *suschēmatisō*) aan die beeld van Yeshua beteken om jouself in gedagtes en karakter te formeer volgens Yeshua en dus volgens Torah. Dit beteken om gelykvormig aan YHVH se Woord (Torah) te word. Daarom skryf Paulus in Rom. 12:2 die volgende: *En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*

Ons gemoed, naamlik die wyse wat ons dink, praat en doen, word deur Torah (die Woord) vernuwe. Hierdie vernuwing van die gemoed verwys na die sielsrealm wat 'n transformasie moet ondergaan om herskep te word om weereens gemaak te wees (hernuwe te word) na die gelykenis van YHVH-God (YHVH-Elohiem).

[**Nota, Gen. 1:26:** Die *beeld (d'muth)* van God verwys hoofsaaklik na die fisiese ooreenkoms en die *gelykenis (tselem)* van God hoofsaaklik na die innerlike (sielsrealm) ooreenkoms met God]

Vierdens is ons insig in Torah die fondament van ons begrip van die res van die Tanakh (die ou testament / verbond) asook van die *B'rit Chadashah* (nuwe testament / hernieude verbond). Daarom skryf Paulus in Rom. 10:4 dat die doel van Torah is Messias deur wie elkeen wat glo geregverdig verklaar word.

For the goal at which the Torah aims is the Messiah, who offers righteousness to everyone who trusts
(Complete Jewish Bible)

Yeshua self het aangaande Sy kruisdood en opstanding die Emmaüsgangers geleer: *dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy*

hulle verstand om die Skrifte te verstaan (Luk. 24:44 en 45). Die feit dat Yeshua die Torah gebruik het om die dinge aangaande Homself aan die Emmaüsgangers te verduidelik is soveel meer merkwaardig in die lig daarvan dat in Torah (die eerste vyf boeke) word die woord *Messias* nie eers gebruik nie! Ons lees in Joh. 5:39 en 45 tot 47 van soortgelyke stellings deur Yeshua:

Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig (vers 39)

Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig – Moses op wie julle gehoop het. Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo? (vers 45 tot 47)

Met hierdie woorde het Yeshua bevestig dat Torah geskryf is met die doel om Hom aan ons te openbaar!! In die lig hiervan kan ons nou ook Joh. 1:46 verstaan: *Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die Torah en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.*

Dit bevestig ook wat in Ps. 40:8 geskryf is:

Toe het ek gesê: “Let op, ek kom; in die begin van die boekrolle is dit van my geskryf. O my God, ek verheug my daarin om U wil te doen; U wet is binne-in my verstand, wil en emosie.” (PWL Vertaling).

Paulus het ook aan Timotheus geskryf en hom aan die volgende herinner:

Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Messias Yeshua (2 Tim. 3:14 en 15).

Die Skrifte waarna Paulus verwys het, is die Tanakh (die ou testament), want die Skrifte van die nuwe verbond het nog nie bestaan nie.

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat Torah die fondament van ons begrip en openbaring van die *B'rit Chadashah* (nuwe/hernieuende verbond) is. Alleenlik wanneer ons verstand aangaande Yeshua van die Torah geopen word, kan ons die lewe en werke van Yeshua van die hernieuende verbond verstaan. Alleenlik dan kan ons YHVH se geregtigheid ken en as koninklike priesterdom in Sy Koninkryk diens doen!!

Laastens moet ons verstaan dat die Apostels nie ‘n “nuwe” evangelie verkondig het nie, maar wel ‘n evangelie wat se wortels in Torah gevestig is. Hulle boodskap was dat Yeshua van die Torah gekom het en deur Sy kruisdood en opstanding die belofte van die Messias vervul het. Ons moet onthou dat die apostels van ouds nie die Skrifte van die hernieuende (nuwe verbond / testament) gehad het nie. Hulle prediking moes deur Torah bevestig kon word. Daarom lees ons in Hand. 17:11 aangaande die Bereane:

En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.

Ons moet deeglik kennis neem van die feit dat die gemeente (“die kerk”) van Handeling 1 in Jerusalem, asook ander gemeentes wat in die tyd gevestig is, slegs die Skrifte van die ou verbond as verwysing gehad het. Paulus bevestig dit in Rom. 1:1 tot 4.

Sha'ul, ‘n geroepe slaaf van Yeshua Die Gesalfde Een, ‘n afgevaardigde, afgesonder vir die goeie boodskap van God wat Hy van die begin af deur sy profete beloof het in die afgesonderde Skrifte, aangaande Sy Seun, wat na die vlees gebore is uit die saad van die huis van Dawid en deur die Gees

van Afsondering met krag openbaar is deur die opstanding uit die dood as die Seun van God: Yeshua, Die Gesalfde Een, ons Meester (PWL Vertaling).

Paulus bevestig dus dat die evangelie van redding deur Torah belowe was.

Verder leer ons uit die brief aan die Hebreërs dat dieselfde evangelie as wat aan Israel by Sinai verkondig was, steeds verkondig word.

Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie geëet nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie (Heb. 4:2).

Torah, en die res van die Tanakh, leer ons wat die beginsels van hierdie evangelie is en hoe dit profeties na Yeshua Messias en die Koninkryk van God verwys. Die *B'rit Chadashah* is die bevestiging en vervulling van hierdie profesie. Indien ons hierdie evangelie glo, en in gehoorsaamheid daarvolgens lewe, sal ons in die rus van YHVH ingaan (Heb. 4:6 tot 10). Torah-gehoorsaamheid is ons ywer om hierdie beloofde rus deelagtig te wees, want ons wil nie weer soos Israel van ouds in dieselfde ongehoorsaamheid verval nie (Heb. 4:6 en 11).

Opsommend is die doel van die bestudering van Torah dan die volgende:

- ❖ Om Yeshua Messias in Torah te ontdek. Verwys: Joh. 5:39, 46 en 47; Luk. 24:25 tot 27 en 2 Tim. 3:14 tot 17. Ons kan nie in Yeshua glo as die Messias en dan Torah verwerp nie. Die twee is onafskeidbaar, want Messias is Torah en Torah is Messias. Dit wat op Torah volg (die res van die Skrifte insluitend die van die hernieude verbond) is 'n bevestiging, 'n voortsetting en openbaring van dit wat in Torah geskryf is. Torah is die basis van beide die ou en die hernieude verbond. Dit vorm daarom die basis van ons geloofslewe.
- ❖ Om die Vaderhart beter te leer ken, naamlik Sy wil hoe om as geregverdigde te lewe. Vewys Joh. 17:3 – die ewige lewe is om YHVH Yeshua te ken. In die verband moet ons onthou dat die patroon wat van die begin af gevestig was, is: Eers geloof in Yeshua as gekruisigde en opgestane Messias wat dan deur gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies (Torah) gevolg word.
- ❖ Om die verborgenhede van die Koninkryk van die hemele te ken. Verwys Matt. 13:10 tot 17 – aan ons word die geheimenisse van die Koninkryk van God bekend gemaak.
- ❖ Om die patrone (siklusse) wat YHVH van die begin af gevestig het te ontdek, want die einde word deur die begin bekend gemaak. Verwys Jes. 46:9 en 10. Ons moet dus teruggaan na die begin om die einde te kan verstaan. Dus ons moet by Torah begin om die hernieude verbond regtig te kan verstaan. Die twee staan nie los van mekaar nie. Sonder Torah kan jy nie 'n lewe leef van iemand wat geregverdig verklaar is deur geloof in Messias nie.
- ❖ Hoe om Torah prakties in ons lewe toe te pas. Verwys 2 Tim. 2:15 en 2 Tim. 3:16 en 17.

Die gesindheid waarmee ons Torah bestudeer word deur die profeet Jeremia soos volg opgesom:

Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u Naam is oor my uitgeroep, YHVH, God van die leërskaar! Jer. 15:16

'n Soortgelyke gedagte word deur Esegïel bevestig:

Daarna het Hy vir my gesê: Mensekind, eet op wat jy vind; eet hierdie rol op, en gaan spreek met die huis van Israel. Toe het ek my mond oopgemaak, en Hy het my dié rol laat eet en vir my gesê: Mensekind, laat jou buik eet, en vul jou ingewande met hierdie rol wat Ek jou gee. En ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet. Eseg. 3:1 tot 3.

Ons lees in Matt. 13:52 waar Yeshua sê: *Daarom is elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring.* 'n Skrifgeleerde is onder andere die een wat kopieë van die Torah met die hand skryf. Hy verstaan elke letter en elke woord. Hy skryf dit presies soos in die oorspronklike geskryf is. Dit is hoe ons moet wees, ons moet ons beywer om elke letter en elke woord in die Skrifte te verstaan! Dan gaan dit soos in 'n huis vol van skatte wees, waar ons nuwe dinge gaan ontdek en ou dinge bevestig sal word.

Waarskuwing: Indien ons nie Torah (die eerste vyf boeke) bestudeer nie, gaan ons eindig deur ons eie afleidings en verklarings oor sekere aspekte van die Skrifte te maak. Ons loop dan gevaar om ons eie geregtigheid op te rig (Rom. 10:2 en 3). Dan kan ons dalk in die strik trap deur te dink ons weet wat Vader-God in Sy Woord aangaande Sy wil vir ons sê, maar inderwaarheid ken ons nie God se geregtigheid nie. Dit is gevaarlik, want ons kan soos Eva deur die slang mislei word (Gen. 3:1 tot 3 met verwysing na Gen. 2:9, 16 en 17).

Opsommend: Ons moet altyd 'n leerbare gesindheid openbaar en die Woord van YHVH met welwillendheid ontvang, **maar elkeen moet self die Skrifte ondersoek of dit die waarheid is** (Hand. 17:11).

Bondige Oorsig van die Boeke van die Torah

- **Genesis (*Bereisheet*)** is die eerste van die vyf boeke van Moses en het te doen met *in die begin*, want dit vertel van die begin van die skepping; die begin van die mensdom; die begin van 'n huwelik en huisgesin; die begin van sonde en dood en die begin van YHVH se plan om alles te herstel soos dit aan die begin was. Hierdie begin is ook die uitkies van 'n volk volgens YHVH se soewereine wil om Sy plan van herstel uit te voer.
- **Exodus (*Shemot*)** se sentrale tema is *verlossing* (redding, bevryding). Dit vertel hoe YHVH Sy uitverkore volk red van die slawejuk van Egipte sodat hulle Hom kan dien volgens 'n verbondsverhouding.
- **Levitikus (*Vayikra*)** is die onderrig en instruksies hoe om YHVH te dien en te aanbid.
- **Numeri (*B'midbar*)** is die onderrig en instruksies van 'n geloofslewe – 'n Torahgehoorsame lewe – in die 'wildernis' van hierdie wêreld.
- **Deuteronomium (*D'varim*)** is die onderrig en instruksies van die geslag wat die Beloofde Land in besit sal neem. Dit is 'n herinnering aan 'n lewe van Torah-gehoorsaamheid en om nie dieselfde foute as die voorgeslagte te maak nie (1 Kor. 10:11).

Die vyf boeke van die Wet (Instruksies) is deur Moshe saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Moshe self geskryf in antieke Hebreeuse karakters (Gerrie Coetzee, Pad van Waarheid tot die Lewe)

Genesis (*B'reisheet*): Die Boek van die Begin

Die sewentig rabbis wat die Tanakh (ou testament) in die laat derde en vroeë tweede eeu voor Messias in Grieks vertaal het, en wat bekend is as die Septuagint, het die naam *Genesis* (*generasies* of *bron*) vir die eerste boek van die Skrifte gekies. Die oorspronklike Hebreeuse naam is egter *B'reisheet* wat vertaal kan word as *in die begin*.

Daarom is die sleutel woorde van hierdie eerste van die vyf boeke van Moses wel *in die begin*, want dit vertel van die begin van die skepping; die begin van die mensdom; die begin van 'n huwelik en huisgesin; die begin van sonde en dood en die begin van YHVH se plan om alles te herstel soos dit aan die begin was. Genesis begin met YHVH se Koninkryk en Openbaring eindig met YHVH se

Koninkryk. Alles wat tussen Genesis (na die sondeval) en Openbaring gebeur is deel van YHVH se plan van herstel van Sy skepping en van die herstel van die verhouding tussen YHVH en die mens.

Genesis is die bevestiging dat YHVH Skepper-God is en dat die mensdom sondaars is wat hulself nie kan red nie. YHVH openbaar Homself van die begin af as die Almagtige en as 'n God van oordeel, genade en seënninge. As regverdige God oordeel Hy ongehoorsaamheid, maar betoon genade deur Sy verbonde. Elkeen wat vertrou (geloof) in YHVH Yeshua het, en gehoorsaam is aan Torah, sal geseën word.

Die begin van God se genadeplan van die herstel (herskep) van Sy koninkryk het by Abraham begin. YHVH se verbond met Abraham kan beskou word as die begin van die verlossing en herstel deur Yeshua Messias. Genesis hoofstukke 1 tot 11 vertel waarom verlossing deur Yeshua noodsaaklik is, terwyl Genesis hoofstukke 12 tot 50 vertel van dit wat YHVH in plek gestel het om verlossing deur Yeshua Messias moontlik te maak. Dit is die begin van YHVH se verbondsvolk – die onvoorwaardelike verbond met Abraham, Isak en Jakob, asook van YHVH se sorgsame koestering deur Josef wat die weg vir die Messias gebaan het en vir die herstel van YHVH se Koninkryk soos dit in die begin in die tuin van Eden was.

Daarom is Genesis (*B'reisheet*) die historiese en teologiese fondament waarop die res van die Skrifte gebou word. Dit is daarom noodsaaklik om die studie van Torah te begin met die benadering dat die einde word deur die begin bekend gemaak en daarom moet ons by die begin begin, want YHVH vestig 'n patroon wat herhaal word:

Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen.

Jes. 46:9 en 10

Die belangrikste patroon wat Genesis ons leer, is die van redding (vergifnis) deur die onskuldige wat in die plek van die skuldige sterf. Die eerste heenwysing hierna is te vinde in die rokke van vel wat YHVH vir die mens en sy vrou gemaak het (Gen. 3:21). Dit dui op die eerste dier wat as versoeningsoffer deur YHVH self geslag is, asook dui dit op die mens wat met YHVH se geregtigheid beklee word. Hierdie patroon word bevestig deur Abraham wat Isak gaan offer het, maar YHVH wat 'n offerande voorsien het (Gen. 22:8, 12 en 13). Die lewe van Abraham is die begin (vestiging) van die patroon van geloof in YHVH en gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies. Aangaande Abraham verklaar die Skrifte:

En hy het in YHVH geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken. Gen. 15:6.

En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my geboorie, my insettinge en my wette onderhou het. Gen. 26:4 en 5.

Genesis is die boek wat ons vertel van *in die begin* en dus van dit wat YHVH geskape het. Maar die Een deur wie Hy alles geskape het is Yeshua, die vleesgeworde Woord van YHVH (Joh. 1:1) en die Verlosser van die mensdom (Gen. 3:15).

Genesis, en die ander vier boeke van Torah, is 'n openbaring van Yeshua Messias!!

Gen. 1:1 – In die Begin

In die oorsprong het God die hemele en die aarde geskep (Gen. 1:1 –PWL Vertaling)

Die Hebreeus lees soos volg:

הָאָרֶץ וְאֵת הַשָּׁמַיִם אֵת אֱלֹהִים בָּרָא בְרֵאשִׁית

Getransliterereer: *B'reisheet bara elohim et ha'shamayim va-et ha'eret*

Die eerste woord in die Torah is dus *b'reisheet* en word vertaal as *in die begin* (*in die oorsprong*). Die grondwoord van *b'reisheet* is *rosh* (ראש – *reish-alef-shin*) wat *eerste* of *kop* beteken. Byvoorbeeld: *rosh kodesh* – die kop van die maand (die nuwe maan) en dus die begin van die nuwe maand volgens YHVH se kalender aankondig. Die voorvoegsel *beit* (ב), wat ondermeer *in*, *op* of *die* beteken, word bygevoeg om die woord *b'reisheet* (בראשית) te vorm.

Die eerste letter van die eerste woord van Torah is *bet/vet* (ב) en beteken *huis* of *tent* (letterlik) en *huishouding*, *hoof van die huis* en *koning op 'n troon* (simbolies). Die letter *bet* is dus 'n sinnebeeld van 'n huis en 'n huishouding en die Vader van die huis, asook van 'n koning en koninkryk. Hierdie huis en huishouding sinspeel dus op die huis van YHVH en dus op die tempel.

Onder die hernieude verbond is ons elkeen die tempel (huis, woning) van die Afgesonderde (Heilige) Gees (*Ruach HaKodesh*) (1 Kor. 3:16 en 6:19) en gesamentlik vorm ons 'n hele gebou wat goed saamgevoeg word en verrys tot 'n afgesonderde tempel in Messias (Ef. 2:19 tot 21; Rom. 4:16 en 9:8 en 11, Gal. 3:7, 9, 14, 28 en 29; 1 Pet. 2:5). Dit is ondermeer ook 'n sinnebeeld van die twee huise van Israel wat een word. Ons as vreemdelinge (nie-Jode) moet ingeplant word op die mak olyfboom (Rom. 11:1 tot 25; Ef. 2:11 tot 22).

Volgens Hebreeuse denke begin die bou van 'n huis nie met die materiaal (stene, sement, hout, ens.) wat benodig word nie, maar met 'n bruid en dus 'n huwelik met kinders wat volg. Die letter *bet/vet* (ב) is dus 'n heenwysing na die bruid, asook van die huwelikskontrak (*ketuba*; die Torah) en van die huwelik wat by Sinai sal plaasvind.

Die betekenis van die *aleph-tav*

Soos reeds genoem lees die transliterasie van die Hebreeus van Gen. 1:1 soos volg: *B'reisheet bara elohim et (aleph-tav) ha'shamayim va-et (aleph-tav) ha'eret*. Die woord *et* (*aleph-tav*; ׀) kom twee keer voor in hierdie vers, en duisende kere in die res van die Tanakh (ou verbond). Daar bestaan egter geen gelykwaardige woord vir *et* in enige taal nie en daarom word hierdie woord nie vertaal nie, hoewel dit 'n uiters belangrike betekenis het.

Aleph is die eerste letter van Hebreeuse *alephbet* en *tav* die laaste letter. Daarom lees ons van *die eerste en die laaste, die begin en die einde, die alfa en die omega* (volgens die Griekse alfabet) in Open. 1:8 en 11; Open.21:6 en Open. 22:13.

Aleph se letterlike betekenis is 'n os of 'n bul en die simboliese betekenis is *sterkte, leier en eerste* (*begin*). *Tav* se letterlike betekenis is 'n teken, 'n merker en 'n kruis, terwyl dit 'n verbond of 'n seël simboliseer. Hiervolgens kan ons sien dat die woord *et* ondermeer 'n sinnebeeld is van *die hoof van die huishouding* of *die hoof van die verbond*. Dit is dus 'n onteenseglike heenwysing na YHVH Yeshua en na die verbonde tussen YHVH en die mens. Onthou: Yeshua is die mens se verteenwoordiger van die hernieude verbond.

Et (Aleph-Tav) verwys ook na die volmaaktheid van die skepping (van Aleph tot Tav). Van *aleph* tot *Tav* is alles volmaak geskape!

Et is die vierde woord in die Torah. Die syfer vier (40, 400, ens.) het altyd met Messias te doen. Dit is ook interessant om daarop te let dat swangerskap by die mens 40 weke duur en daarom is elke vrou wat geboorte skenk 'n heenwysing na (afbeelding van) Messias (Verwys na Gen. 3:14 en 15).

Soos reeds genoem kom *et* (Aleph-Tav) by herhaling voor in talee teksverse van die Tanakh. Die volgende is enkele voorbeelde:

- In die beskrywing van die menora (Goue kandelaar)(Ex. 25:37) lees ons *And thou shalt make^(asah) the^(et) seven lamps thereof; and they shall light^(et) the lamps thereof, that they may give light over against it.* Onthou: Messias is die lig van die wêreld. Hierdie dien as maar net een voorbeeld van Yeshua Messias wat in die Torah verskuil is.
- In Sag. 12:10 lees ons: *Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My (et – aleph, tav) vir wie hulle deurboor het.* In die Hebreeus verskyn die woord *My* nie, maar slegs die woord *et*. Ons sien dus dat ook in die woorde van die profete is Yeshua verskuil.

Opsomming: In Gen. 1:1 is Yeshua Messias. YHVH het gesê: Laat daar wees en daar was..... Die sigbaarwording (manifestasie) van wat YHVH gespreek het, het deur Yeshua plaasgevind, want Hy is die Woord van God, naamlik die lewende Torah wat vlees geword het. Ons sien ook van die begin af YHVH se plan om onder ons te woon – ‘n huis met ‘n huisgesin – ‘n Vader en kinders – ‘n Koning en Sy koninkryk – ‘n Verbond tussen YHVH en die mens (YHVH die God van die verbond). Ons sien ook die versoening (eenwordig) van die hele Israel.

Dit is ook belangrik om te besef dat ons elkeen ‘n *begin* het. Hierdie begin was voor die grondlegging van die wêreld, want Vader-God het ons in Hom uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees *deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Yeshua Messias* (Ef. 1:4).

Weens die sondeval moes ons elkeen egter herskep word en as te ware ‘n nuwe begin deelagtig word. Hierdie nuwe begin is wedergeboorte deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias. Dit is die begin van die vernuwingsproses om na die gelykenis van YHVH Yeshua gevorm te word. Vir hierdie proses om volgens YHVH se plan te verloop moet ons Torah-gehoorsaam lewe.

Sien skematies uiteensetting van *Geboorte versus Wedergeboorte* aan die einde van die notas.

Bepeins of Bespreek

1. Die ontstaan en bestaan van elke mens is die wil van YHVH. Bevestiging hiervoor is Ef. 1:14; Joh. 1:3; 1 Kor. 8:6; Ef. 3:9; Kol. 1:16 en Heb. 1:2. In die lig hiervan kan gevra word:
 - ❖ Mag ‘n mens besluit oor die lewe van ‘n ander mens, verwysend na aborsie en genadedood?
 - ❖ Het YHVH dit bestem om elke mens as Sy kind aan te neem, maar die keuse aan die mens oorgelaat? Is net sommige uitverkies (bestem) om Vader-God se kinders te wees?

Gen. 1:2 tot 5 – Laat daar lig wees.

Die aarde was vormloos en leeg en duisternis was oor die diep watermassa en die Gees van God het oor die oppervlak van die water beweeg. God het gesê: “Laat daar lig wees!” en daar was lig. God het gesien dat die lig goed was en God het die lig van die duisternis geskei. God het die lig ‘Dag’ genoem en die duisternis het Hy ‘Nag’ genoem. Dit was aand en dit was oggend, die eerste dag.

Gen. 1:2 tot 5 (PWL Vertaling)

Aan die begin was die aarde vormloos *tohu* (‘n toestand van woes, verlate, nutteloos, en verwarring) en *bohu* (‘n toestand van leeg, vermorsing en rommel) en in duisternis (*choshek* – duisternis, maar ook ellende, dood, vernietiging, onkunde, hartseer en boosheid) gehul. YHVH se eerste skeppingsdaad was om om Sy Lig oor hierdie chaos te laat skyn.

Aangaande hierdie lig skryf Johannes: *En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.* Joh. 1:5.

Die eerste onderskeid wat YHVH gemaak het, was tussen lig en duisternis. Hierdie skeiding tussen lig en duisternis is 'n sinnebeeld van die onderskeid tussen rein (Hebreeus: *tahor*) en onrein (Hebreeus: *tamei*). Dit is ook 'n sinnebeeld van die onderskeid tussen dit wat afgesonder (heilig, Hebreeus: *kadosh*) en onheilig (Hebreeus: *chol*) is. Let daarop dat YHVH aangaande hierdie lig gesê het dat dit goed was. Hierdie lig was nie die lig wat sonskyn gee nie!

Die Hebreeus vir lig is *owr* (אור – *aleph, vav, resh*) en word algemeen gebruik vir lig in teenstelling met duisternis (Gen. 1:3) of figuurlik vir geestelike lig in teenstelling met geestelike duisternis (Jes. 5:20) of vir die lig wat deur die ligte aan die hemel gegee word (Jes. 30:26) of as die lig wat 'n lamp, soos die menorah, uitstraal (Num. 4:9 en 16). Dit kan egter ook na die volgende verwys:

- ❖ Die lig van my oë (Ps. 38:11)
- ❖ Die lig van die lewe (Ps. 56:14)
- ❖ Die lig van YHVH se aangesig (Ps 89:16; Num. 6:25)
- ❖ Die lig van die waarheid (Ps. 43:3)
- ❖ Die lig van die Woord (Ps. 119:105; Jes. 8:20)
- ❖ Die lig van Torah (Spr. 6:23)

Volgens Ya'cov Nathan Lawrence (*B'reisheet*, www.hoshanarabbah.org) word die Hebreeus vir lig (אור – *aleph, vav, resh*) in verse 14 en 15 egter sonder die letter *vav* gespél en dus as *aleph- resh* (אר). Die betekenis hiervan is dat die lig wat die eerste drie dae geskyn het 'n volmaakte lig was, terwyl die lig wat geskyn het nadat die son, maan en sterre gemaak was, 'n 'onvolmaakte' lig is. Die Joodse wysgeer, Rabbi Rashi verklaar dit soos volg:

The Holy One, blessed be He, perceived that it was improper for [the wicked] to make use of the [primeval] light, so He hid it for the benefit of the righteous in the time to come.

Where did he hide the light? asked Rabbi Dov Ber. He answered: The great light of creation was the light of Torah. At first, the light was available to all, but God saw that few people are worthy of enjoying it, so He clothed it in the Torah, and there it remains hidden.

We bemoan the lack of that primeval light that made the sun pale by its spiritual brilliance, and long for the promised day when it will glow for us again. But now it is gone. The light is there. It is available. It awaits the diligent, indefatigable efforts of the righteous to unearth it from between the lines and letters and wisdom of the Torah. The righteous of the future – all ages of man – can find the light in Torah, for the Torah is its embodiment” (ArtScroll Bereishis/Genesis Torah Commentary, pp. xxxi-xxxii).

Bepeins of Bespreek

1. Wat is dus die betekenis en sinnebeeld van die lig wat op die eerste dag geskape was. Is dit nie die lig van YHVH se Torah nie? Is dit nie Yeshua van die Torah nie? Onthou die ligte aan die hemelruim was eers op die vierde dag geskape. Verwys Jes. 42:16; Matt. 5:14 tot 16; Joh. 3:19 en 20; Joh. 14:6; Hand. 13:27; Efes. 5:8; Gal. 5:22 en 23 en 1 Pet. 2:9.

2. 'n Reënboog het 'n spektrum van kleure. Net so lewer geestelike lig 'n spektrum van geestelike vrug (Gal. 5:22 en 23). Elke kleur het 'n bepaalde golflengte, maar swart (duisternis) het geen golflengte nie, want dit bevat geen lig nie. Swart is die afwesigheid van lig.

Gen. 1:26 en 27 – Volgens die Beeld en Gelykenis van YHVH

En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Die mens, die hart van YHVH se skepping, was geskape om die draer van die beeld van YHVH te wees. Ons weet egter dat YHVH is Gees en het nie 'n fisiese liggaam nie en daarom beteken geskape na die beeld van YHVH nie om fisies te lyk soos Hy nie, maar om wel soortgelyke hoedanighede as YHVH te hê. Om geskape te wees na die beeld en gelykenis van YHVH verwys dus na die siels- en geestelike aard van YHVH. Daarom word geskape na die beeld van YHVH direk opgevolg met YHVH se woorde van: *en laat hulle heers.....* Die mens is dus nie na die beeld van YHVH geskape volgens voorkoms nie, maar volgens die wyse wat ons met YHVH se skepping moet wisselwerk en die wyse wat ons moet heers oor dit wat Hy geskape het. Die mens moet dus lewe as die gemanifesteerde teenwoordigheid van YHVH hier op aarde met die opdrag om die aarde (YHVH se skepping) te bewerk en te bewaak (Gen. 2:15). Die mens sou alleenlik hierin kon slaag indien hy binne die grense (riglyne) van Torah sou leef!

Let op die volgende: YHVH het die hemel en die aarde geskape (*bara* – ברא), maar die mens gemaak (*asah* – עשה) (Gen. 1:26).

'n Vereenvoudigde definisie van *bara* is om uit dit wat reeds bestaan iets te maak wat meer perfek en bruikbaar is. Die basiese elemente was daar, maar in 'n vorm wat onbruikbaar of “nutteloos” was. YHVH het uit dit wat woens en leeg en duisternis was alles geskape wat volmaak en bruikbaar was. Daarom lees ons telkens: *Toe sien God dat dit goed was* (Gen. 1:10, 12, 18, ens.)

'n Vereenvoudigde definisie van *asah* is om dit wat geskape is af te rond, te verfyn, aan te wend, voort te bring, toe te pas, resultaat te verkry, ens. Daarom het God die mens ge-*asah*. Die mens is die afronding en die verfyning van YHVH se skepping en moet dit waarvoor hy geskape is nougeset toepas om die gewenste resultate te verkry.

Bepeins of Bespreek

1. Yeshua was (is) die volmaakte voorbeeld van 'n mens geskape na die beeld en die gelykenis van YHVH, want Hy was in alle opsigte ten volle Torah-gehoorsaam. Is Torah-gehoorsaamheid die proses om ons te vorm om al meer gelykvormig aan die beeld en gelykenis van YHVH te wees?

Gen. 2:18 – Dit is nie goed nie!

Tydens die Skepping lees ons ten opsigte van elke dag die volgende: *Toe sien YHVH dat dit goed was.* In Gen. 1:31 lees ons egter ten opsigte van die sesde dag – *Toe sien YHVH alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed.* Wat was egter nie goed nie? Die antwoord is Gen. 2:18.

יהוה-God het ook gesê: *“Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n helper maak wat by hom pas.”* (PWL Vertaling)

In die huwelik is die vrou die man se hulp (Hebreeus: *'ezer kenegdo* – geskikte helper). YHVH het dit so beskik.

Die probleem in talle huwelike is dat die man nie die Woord van YHVH in Gen. 2:18 glo nie. Talle mans dink na hul huwelik dat hulle beter af sonder 'n vrou sou gewees het. Dit is egter nie wat Vader-God sê nie!! Die rede vir mislukte huwelike is dat beide die man en die vrou nie hulle YHVH-gegewe rol in die huwelik en die samelewing verstaan nie. Die huwelik word deesdae eerder as 'n kontrak gesien, en nie meer as 'n verbond soos wat YHVH dit beplan het nie!

Matthew Henry (Matthew Henry's Complete Commentary on the Bible) se kommentaar van Gen. 2:22 lees soos volg:

Adam was first formed, then Eve (1 Tim 2:13), and she was made of the man, and for the man (1 Cor. 11:8, 1 Cor. 11:9), all which are urged there as reasons for the humility, modesty, silence, and submissiveness, of that sex in general, and particularly the subjection and reverence which wives owe to their own husbands. Yet man being made last of the creatures, as the best and most excellent of all, Eve's being made after Adam, and out of him, puts an honour upon that sex, as the glory of the man, 1 Cor. 11:7. If man is the head, she is the crown, a crown to her husband, the crown of the visible creation. The man was dust refined, but the woman was dust double-refined, one remove further from the earth.

Bepeins of Bespreek

1. Wat is die verskil tussen 'n kontrak en 'n verbond? Die doel van 'n kontrak is eerstens om eie belange te beskerm, terwyl die doel van 'n verbond is eerstens om die belange van die een met wie die verbond gesluit word, te beskerm. Daarom: 'n kontrak is 'n selfsugtige ooreenkoms, terwyl 'n verbond 'n onselfsugtige ooreenkoms is. Die huwelik is 'n verbond tussen 'n man en 'n vrou waar beide ook in 'n verbondsverhouding met YHVH is.

Midrash Haftorah

(Haftorah Bespreking)

Jes. 42:5 tot 43:10 – YHVH ons Skepper en Verlosser

Wat is die Haftorah?

Die Haftorah (meervoud, *Haftorot*) is 'n gedeelte uit die *Nevi'im* (Profete) wat saam met die weeklikse Torah-Skriflesing (*parashah*), en dus as deel van die weeklikse *parashah*, gelees word. Hierdie gedeelte hou verband met die betrokke Torah-Skriflesing van daardie week, en word altyd na die Skrifgedeelte uit die Torah gelees. Haftorah beteken die *afsluitings deel*.

Volgens sommige bronne het die gebruik van die lees van die Haftorah gedurende die heerskappy van Antiochus IV, ook bekend as Antiochus Epifanus, ontstaan (ongeveer 200 jaar voor Messias). Antiochus het aan homself die naam Epifanus, wat *god gemanifisteer* beteken, gegee, want hy het homself beskou as die god wat oorhoofs oor al die gode is. Hy wou eenheid in sy ryk bewerkstellig deur 'n Helenistiese (Griekse) kultuur te vestig en hy het die Hebreeuse (Joodse) geloof en kultuur as die struikelblok in die weg hiervan gesien. Gevolglik het Antiochus begin met die onderdrukking van die Jode deur hulle te verbied om hulle geloof uit te leef. Die besit en bestudering van die Torah was selfs strafbaar met die dood. Om hierdie rede het die Jode begin om, in plaas van die lees van die betrokke Skrifgedeelte uit die Torah op Shabbat, 'n gedeelte uit die profete te lees wat betrekking het op die betrokke Torah-Skriflesing van daardie week.

Ongeag hoe die lees van die Haftorah ontstaan het, dien dit as bewys van die ooreenstemmende verband tussen Torah en die res van YHVH se Woord. Dit dien daarom as aanmoediging om die totale Woord van YHVH te bestudeer as Sy onderrig, instruksies en wysheid!

YHVH ons Skepper en Hersteller

Ek, YHVH, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies, om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit. Jes. 42:6 en 7

Hierdie week se Hafarah begin met 'n herinnering dat YHVH die hemel en die aarde geskape het.

So sê God, יהוה, wat die hemele geskep en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met alles wat daarop is; wat asem gee aan die mense daarop en gees aan die wat daarop loop. Jes. 42:5 (PWL Vertaling).

Dit dien as 'n herinnering dat alle dinge deur YHVH ontstaan het en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie (Joh. 1:3; 1 Kor. 8:6; Efes. 3:9; Kol. 1:16; Heb. 1:2). Dit is ook bevestiging dat alles deur Yeshua, die vleesgeworde Woord van YHVH geskape was (Ef. 3:9 – *wat alles geskape het deur Yeshua Die Gesalfde Een*).

YHVH het nie net alles geskape nie, maar Hy handhaaf en hou ook alles staande deur die Woord van Sy krag, naamlik Yeshua (Heb. 1:3). Verwysend na Yeshua Skryf Paulus:

Deur Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, of dit nou trone of heerskappye of heersers of outoriteite is, alle dinge is deur Hom en vir Hom geskep. Hy Is die Een wat voor alle dinge is en alles bestaan deur Hom. Kol. 1:16 en 17 (PWL Vertaling).

Dawid verklaar ook: *Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande (Ps.19:2).*

Die slotsom is; YHVH het nie net alles deur Yeshua geskape nie, maar Hy hou Sy Skepping deur Yeshua staande en is steeds besig om voort te bring (te skep, *to create*) – om deur Sy Woord die onsienlike in die lewe te roep (om uit die niet te voorskyn te bring)!! So is YHVH deur Sy Woord besig met sy genadeplan van die herstel van Sy volk en van Sy Koninkryk om te wees soos dit aan die begin, voor die sondeval, was. YHVH is steeds besig om deur Yeshua die onsienlike te voorskyn te bring!

En die wat uit jou voortkom, sal die ou puinhope bou; die fundamente van vorige geslagte sal jy oprig, en jy sal genoem word: Herbouwer van gebreekte mure, Hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak. Jes. 58:12

Hierdie week se Haftarah Skriflesing bevat juis die belofte van hierdie herstel en spesifiek van die herstel ('herskepping') van YHVH se volk as 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom en 'n afgesonderde (heilige) volk (1 Pet. 2:9).

maar nou, so sê יהוה, jou Skepper, o Ya 'akov en Hy wat jou gevorm het, o Yisra'el: "Moenie vrees nie, want Ek het jou vrygekoop; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan, sal Ek by jou wees en deur die riviere, hulle sal jou nie oorstroom nie. Wanneer jy deur die vuur loop, sal jy nie geskroei word nie en die vlam sal jou nie brand nie, want Ek is יהוה, jou God, die Afgesonderde Een van Yisra'el, jou Verlosser; Ek het Egipte gegee as losprys vir jou, Kush en S'va in jou plek. Omdat jy waardevol is in My oë, geëerd is en Ek jou liefhet, sal Ek ander mense in jou plek gee en volke inruil vir jou lewe. Moenie vrees nie, want Ek is by jou; Ek sal jou nageslag van die Ooste af bring en jou bymeekaarmaak van die Weste af. Ek sal vir die Noorde sê: 'Gee!' en vir die Suide: 'Moet hulle nie terughou nie!' Bring My seuns van ver en My dogters vanaf die einde van die aarde, elkeen wat na My Naam genoem is en wat Ek geskep het vir My lof, eer en aanbidding; wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het." Bring die volk wat blind is uit alhoewel hulle oë het en die dowes alhoewel hulle ore het. Al die nasies het saam vergader sodat die volke vergader kan wees. Wie tussen hulle kan

hierdie verkondig en aan ons die vorige dinge bekendmaak? Laat hulle hul getuies bring, dat hulle onskuldig verklaar kan word; of laat hulle hoor en sê: 'Dit is die waarheid!' Julle is My getuies," verklaar יהוה, "en My diensknegte wat Ek gekies het sodat julle kan weet en My kan glo en kan verstaan dat dit Ek Is. Voor My is geen god gevorm nie en daar sal geen ná My wees nie.

Jes. 43:1 tot 10 (PWL Vertaling)

Hierdie woorde van YHVH het skeppingskrag en sal gebeur presies soos YHVH gesê het, want YHVH is geen mens dat Hy sou lieg nie!

God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? Num. 23:19.

Wie is die een deur wie hierdie herstel kom en wie is diegene wat herstel gaan word?

Indien ons hierdie week se parashah en haftorah in konteks lees, weet ons dat dit na Yeshua verwys (Jes. 42:1 tot 4). Die evangelie volgens Mattheüs vertel ook dat Yeshua hierdie gedeelte uit Jesaja aangehaal het (Matt. 12:17 tot 21). Let egter daarop dat Matt. 12:21 (*en op Sy naam sal die heidene hoop*) nie in die Afrikaanse vertaling (en ook nie in die meeste ander vertalings) van Jesaja 42 voorkom nie, hoewel dit in die Griekse Septuagint (LXX) ingesluit is. Dit kom egter nie in die Masoretiese vertaling van die Tanakh voor nie². Soortgelyke verklarings kom egter elders voor in Jesaja, soos byvoorbeeld in Jes. 50:10 en 51:5, asook in Sefanje 3:12. Mattheüs was dus korrek toe hy geskryf het dat Yeshua uit Jesaja aangehaal het *en op Sy naam sal die heidene hoop*.

Aangesien ons bevestiging het dat Jesaja aangaande Yeshua profeteer, kan ons nou vra na wie verwys Yeshua as die ontvangers van die verbond en as lig van die nasies om blinde oë te open en gevangenis wat in geestelike duisternis sit te bevry (Jes. 42:6 en 7)? In konteks gelees weet ons dat dit na Israel verwys, maar in verse 16 tot 20 verwys Jesaja na diegene wat blind is, maar vir wie Yeshua sal lei op 'n weg wat hulle nie ken nie en wat sal loop op paaie wat vir hulle onbekend is. Hy sal hulle duisternis in lig verander en en die hobbelagtige plekke gelyk maak. Hulle wat op afgode vertrou het, sal in skaamte agteruitwyk. Hy verwys na hierdie groep dat hulle wel baie dinge gesien het, maar daar *geen ag op gegee* het nie; die ore oop gehad het, maar nie gehoor het nie (vers 20). Om *ag te gee op* is die Hebreuse woord *sh'mar* en beteken *om te bewaar, te onderhou en te omhein*. Jesaja verwys dus na diegene wat nie YHVH se Torah ge-*sh'mar* het nie. Vers 21 verwys dan na die onderwysing van Torah en verder na die feit dat hulle almal gevanges is wat buit geword het!

Die vraag is dan wie spesifiek is hierdie groep? Wie is die wat baie dinge gesien het maar wat nie Torah ge-*shmar* het nie. Wie is diegene van YHVH se volk wat ten gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis (Hos. 4:6) en in ballingskap weggevoer word (Jer. 5:13). Is dit nie die verlore skape van die huis van Israel (Matt. 10:6 en 15:26) en die heidene wat op Sy Naam sal hoop nie (Matt. 12:21)? Is dit nie die gemeente van Handeling (die 'kerk') wat deur die eeue geestelik verval het en weer in die einde van dae herstel gaan word deur terug te keer na Torah nie?

Ons lees in Psalm 23:6 waar Dawid skryf:

² Die Septuagint se letterlike betekenis is *die vertaling deur die sewentig verklaarders* (vertolkers). Dit is die Griekse vertaling van die ou testament (Tanakh) deur sewentig Rabbis gedurende die laat derde en vroeë tweede eeu voor Messias. Daar word ook na die Septuagint verwys as LXX (Die Grieks vir die getal 70).

Die Masoretiese teks (vertaling) is die gesaghebbende Hebreuse teks van die Tanakh (ou testament) soos deur 'n groep Jode bekend as die Masorete uitgegee en versprei was gedurende die sewende en tiende eeu na Messias. Hierdie teks is meestal deur Protestante as basis gebruik om die ou testament te vertaal. Daar is egter verskille tussen die Masoretiese teks en die Septuagint, sowel as met die teks van die Tanakh wat dateer uit sowat 200 voor Messias.

Die doel van bogenoemde verduideliking is om ook die gevaar uit te wys wanneer 'n teksvers in isoë gelees word, sowel as om te wys op die foute wat in vertalings van die Skrifte kan voorkom.

Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van YHVH bly in lengte van dae.

Bepeins of Bespreek

1. Die Hebreus vir die woord *bly* in Ps. 23:6, is *v'shabtee* en beteken ook om terug te keer. Is dit nie wat vandag met die verlore skape van Israel en die vreemdeling (heidene; nie-Jode) gebeur nie? Yeshua is die Hersteller en Israel (albei huise), asook die wat by Israel aangesluit het, is die volk wat herstel sal word. Die land Israel sal ook herstel word en die tuiste wees van elkeen wat 'herstel' (herskep) is!!

-O-O-O-O-O-O-O-

Shabbat shalom.


Johan

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

Geboorte versus Wedergeboorte



Jy word wedergebore as `n geestelike baba. Die vernuwing van jou gemoed geskied deur 'n Torah-gehoorsame leefwyse wat jou gedagtes, woorde en dade in ooreenstemming met die van die Vader bring. Dit is `n groeiproses tot geestelike volwassenheid. Jy moet gelykvormig (in denke, woorde endade) aan Yeshua Messias word (**Rom. 8:29**). Dit is `n proses van heiligmaking (afsondering) tot volmaaktheid.

Jy is `n nuwe mens met `n ou verlede. Daarom kan daar dinge (bindinge) in jou verlede wees wat jou verhinder om geestelike volwassenheid te bereik en `n lewe van oorwinning in Yeshua te leef. Dit is van hierdie ou dinge, wat nie met Torah ooreenstem nie, waarvan jy vry moet kom.

Deur wedergeboorte (geloof in Yeshua as sondoffer) word jy 'n kind van Vader-God en deel van die verbonde en het jy die sekerheid dat jy gered is. 'n Lewe van oorwinning en oorfloed (Joh. 10:10) kom egter alleenlik deur Torah-gehoorsaamheid. Dit is jou verantwoordelikheid om Torah-gehoorsam te lewe. Die Afgesonderde Gees is jou hulp - die Een wat jou leer, lei en die krag gee om die vlees te oorwin en 'n "set-apart" (heilige, afgesonderde) lewe te leef.

-o-o-o-o-o-o-o-